Stella straat

Matteus 10:5-11

"Gesante"



Tuis-Adoramus 14 Junie 2020

geskryf deur Willem Nicol (083-966-7831)

Tema: "Gesante"

Teks: Matteus 10:5-11

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuis-adoramus alleen of saam met ander te doen. Maak jou net eers gereed om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,

Willem, Anton, Tienie en Fay

SKEP ATMOSFEER

Steek 'n kers aan of doen iets dergeliks om 'n atmosfeer van gebed en stilte te hê terwyl jy hierdie stiltetyd hou.

VOORBEREIDING

Die HERE wil ons vandag voor twee vrae stel:

- Hoe bring ek die koninkryk (die nuwe tyd van God se goedheid) deur my lewe?
- Hoeveel van my "mind space", kopspasie word deur geld en materiële dinge ingeneem?

ONS LUISTER

Luister gerus na Die Benedictus van Jenkins. Die woorde is: *"Benedictus qui venit in nomine Domini"* en dit beteken: "Geseënd is die een wat kom in die Naam van die Here". Dit pas as voorbereiding vir ons diens, want almal van ons wat aan Christus behoort, is gestuurdes om God se goedheid te bring waar ons ook al kom.

Vind 'n mooi een deur Hauser en 'n vriend op twee cello's by:

https://www.youtube.com/watch?v=f_RjlIPuqyc

Spring net oor die advertensies en luister, ek beveel aan, tot by 3:02.

BEGINGEBED

O, Gees van Vader en van Seun, beweeg asseblief in my hart terwyl ek hierdie tyd met U gemeenskap het. Bring my na u woning, Here, laat my daar voor U verskyn
waar ek lofsing U ter ere, waar u guns oor my kan skyn.
Laat my in u glansend lig neerbuig voor u aangesig. (Lied 158:1)

INLEIDING TOT SKRIFLESING

Ons gedeelte volg net na die vertelling dat Jesus 12 manne gekies het om sy spesiale gesante te wees. Nou word hulle uitgestuur om aan te kondig dat die nuwe bedeling, die nuwe wêreldtyd van God se oneindige goedheid (die koninkryk) aangebreek het en om die koninkryk ook te dóén deur genesings en eksorsismes. Mense het destyds 'n draai in iemand se gesondheidstoestand dikwels as 'n wonderwerk ervaar. Ons lewe in 'n ander tyd waarin ons genesings wetenskaplik verstaan of probeer verstaan. Maar dit beteken nie dat ons hierdie gedeelte langs ons kan neersit nie. Hoe bring ons, wat nie mediese dokters is nie, genesing vir liggaam en psige?

Jesus stuur hulle om kaalvoet, sonder geld, 'n ekstra kledingstuk of 'n knuppel te gaan. Hulle moet dus vertrou dat God sal sorg dat mense hulle oor hulle sal ontferm. Ook in hierdie opsig is ons tyd anders. Dit sal net nie werk as mense soos ons ons heeltemal van die gunste van ander afhanklik stel nie. Maar lê daar nie 'n boodskap in dat Jesus se gesante nie soos party hedendaagse evangeliste in luukse motors en duur klere moet kom nie, maar in groot eenvoud?

SKRIFLESING

Lees die gedeelte nou tweemaal, dalk nog eenmaal hardop.

Vra jouself af of daar een woord of kort frase is wat nou veral met jou praat en mediteer daaroor deur jou aandag herhaaldelik daarna terug te bring om al dieper te hoor wat die Gees vir jou in jou omstandighede daardeur wil sê.

Matteus 10:5-11 (verkort) - Jesus kies twaalf manne.

> Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en die volgende opdragte aan hulle gegee:
> "Gaan na die verlore skape van die volk Israel toe.
> Gaan verkondig: 'Die koninkryk van die hemel het naby gekom.'
> Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit.
> Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.
> Moenie vir goud of silwer of koper in julle beursies sorg nie en moenie vir die pad 'n reissak aanskaf of nog 'n kledingstuk of skoene of 'n stok nie.
> 'n Arbeider is tog geregtig op onderhoud.

As julle in 'n stad of dorp kom, stel dan vas by wie julle daar kan tuis gaan en bly by hom totdat julle die reis voortsit."

EIE MEDITASIE

BYKOMENDE NADENKE

Indien jy dit nog nie gedoen het nie, kan jy nog 'n rukkie oor die volgende nadink:

- Die koms van die koninkryk beteken dat die wêreld in 'n ander bedeling ingaan waarin dit volloop van God se goedheid. God vergewe vrylik en betoon sy guns aan almal. Jesus was bereid om mense te dien en vir hulle te ly, en so is die Vader ook. Almal wat vir Hom ja sê, word geleiers van hierdie goedheid. So word die wêreld gevul met mense wat soos Jesus is en ander aanraak om soos Jesus te wees: bereid om te dien en te ly. Ek kan myself afvra: Waar in my lewe is ek 'n goeie geleier van die nuwe bedeling en waar kan ek dit beter wees?
- 'n Kenmerk van die mense van die nuwe bedeling is dat hulle vry is van die bindinge wat die materiële op ons wil lê. Hulle weet hulle kan nie God en Mammon dien nie. Hulle sorg vir die nodige, maar bekommer hulle nie oor geld en goed nie, want hulle weet dis eintlik God wat vir hulle sorg. Daarom kan ek myself weer afvra: Hoeveel van my kopspasie word deur geld en materiële dinge ingeneem?

ONS LUISTER

Luister gerus na "Thuma mina" (Stuur my, Here), 'n Suid-Afrikaanse Zulu lied. Kry dit by:

https://www.youtube.com/watch?v=eik2HK7u9xA Dit duur net 1:20.

DIE PRENTJIE WAT 'N MENS SOU KON SIEN

Ons woon in 'n Galilese dorpie met omtrent 200 huisies en 'n klompie grotte waarin mense bly. Stofstrate kartel deur die gehuggies. Ons ken almal mekaar, weet wie siek is, ken die malman. Ons vermy hom, want hy praat deurmekaar en maak snaakse geluide wanneer hy elke nou en dan opgewonde raak.

Een laatmiddag kom daar 'n vreemdeling by ons dorp aangeloop. Hy lyk soos 'n daklose mens. Kaalvoet, sonder enige sak by hom vir kos of klere. 'n Hond blaf wild vir hom en hy het nie eers 'n stok nie, maar loop so kalm aan dat die hond bedaar. Hy gaan vra by die enigste herberg op die dorp, maar word nie gehelp nie, want hy het nie geld nie. Hy staan toe maar daar rond tot een van ons navraag doen en 'n ander kry om hom 'n slaapplek aan te bied. Hy is duidelik dankbaar en gaan saam.

Die volgende dag gaan hy na die siekste mens op die dorp. Hy sit by haar, bid vir haar en gesels met haar. As hy haar verlaat, sê sy sy het nou hoop en voel baie beter. So iets gebeur met nog 'n paar siekes. Dan kom die malman verby en koggel hom. Die vreemdeling sê niks, maar loop saam met hom, sit saam met hom – en tot ons verbasing sien ons dat die malman bedaar en stil raak.

Die vreemdeling se gasheer moedig hom aan om weer by hom te slaap, en hy aanvaar dit. Hy bly drie nagte. As hy die dorp verlaat, kan sy gasheer en gasvrou nie ophou vertel wat die paar dae aan hulle gedoen het nie. 'n Nuwe vriendskap. Hulle kan dit nie verstaan nie, maar daar bly so 'n vrede in hulle huis agter.

Die meeste dorpelinge sê dat dit vir hulle onverklaarbaar voel of daar iets nuuts, 'n vreemde vrede, meer menslikheid, in die dorp agterbly.

GEBED (jy kan dit hardop lees as jy wil):

Here, uit die diepte van ons hart sê ons dankie dat U ons elkeen gestuur het om die nuwe bedeling van God se onpeilbare goedheid in ons omgewing in te dra. Om te dink ons kan geleiers van u heilige liefde wees. Ons vra nie verder wat die sin van ons lewe is nie. Ons vra net: Maak ons goeie geleiers. Ons het soveel geleenthede met al die mense en die hele omgewing rondom ons. Gee tog dat ons ons kanse om ander te dien, en waar nodig vir hulle te ly, nie by ons sal laat verbyglip nie.

Dankie dat U ons vrymaak om te kan dien, vry van klou aan besit. Ag Here, ons weet so goed dat U onderneem het om vir ons te sorg, maar leef so min asof dit so is. Ons kan ons tog so bekommer oor ons geld of oor 'n apparaat wat nie wil werk nie. Vergewe ons tog, en vul ons met 'n vaste wete dat U die Een is wat vir ons sorg, met 'n nuwe, vreemde vryheid.

In die Naam van Jesus, die lydende kneg van die Here,

Amen.

SLOTLIED – Lied 276

Leer ons om in eie oë
klein te wees voor U, o Heer,
diep bewus van onvermoë
om u Naam opreg te eer.
Maak ons nederig en stil
om te lewe soos U wil.

Daar is by ons soveel weerstand,
teen u wil, u Woord, o Heer.
Ons bied soveel kere teenstand,

wil ons nie deur U laat leer.
Skep in ons 'n nuwe gees;
laat ons U gehoorsaam wees.

SLOTGEBED

Vader, ons vra dat u goedheid en guns wat u Seun vir ons ontsluit het en u Gees na ons bring ons sal volg oral waar ons gaan, al ons dae.

Amen.